## *DIE OMSLAG*

*Die omslag van 'n boek is dit wat ons aan die buitekant (voorkant, rugkant en agterkant) van die boek sien. As die omslag ons belangstelling prikkel, sal ons die boekie optel en moontlik lees.*

## *DIE TITEL*

*Die titel is die naam van die storie (verhaal).*

***'Die dodelikste donuts in die heelal'*** *is die titel van hierdie storie.*

*Die karakters is "wie" of "wat" in die storie (verhaal) optree.*

***Wynand, sy ma, sjef Sprinkels*** *en* ***Natalie*** *is vier belangrike karakters in hierdie verhaal.*

## *OUTEUR*

*Die outeur van 'n letterkundige werk is die persoon wat dit geskryf het.*

## *TYD*

*Die tyd is "wanneer" die storie (verhaal) plaasvind.*

*Dit was die tyd toe mense alreeds tabletrekenaars gebruik het.*

## *VETGEDRUKTE WOORDE*

*'n Vetgedrukte woord is wanneer die lettertipe dikker en donkerder as die gewone/ander letters is. Dit word dikwels gedoen om die spesifieke woord of woorde te beklemtoon.*

In hierdie verhaal vertel **Wynand** sy storie. Omdat hy die storie vertel, noem ons hom 'n **ek-verteller**. Hy is 'n seun en is ook die **hoofkarakter** in hierdie verhaal.



# INHOUDSOPGAWE




| | | |
|---|---|---|
| 1 | Sug . . . | 3 |
| 2 | Monster-muffins | 6 |
| 3 | Sjef Sprinkles | 8 |
| 4 | Oeps! | 10 |
| 5 | Verduidelik | 12 |
| 6 | Koekverkoping! | 13 |
| 7 | Chaos | 15 |
| | Blokkiesraaisel: Hoofstukke 1 tot 7 | 17 |
| 8 | Groot moeilikheid | 18 |
| 9 | Onverwagte verskyning | 19 |
| 10 | Vrees | 21 |
| 11 | Vreesbevange vir versiersel | 22 |
| 12 | Die plan | 23 |
| 13 | Uiteindelik! | 24 |
| 14 | Nog donuts | 25 |

## 2 Monster-muffins




1. Soek die Engelse of Afrikaanse betekenis van die volgende woorde in jou woordeboek:

| | | | |
|---|---|---|---|
| omstandighede | | verskil te maak | |
| voorstel | | waag | |
| toebroodjies | | teleurgesteld | |
| werkblad | | | *muscle* |
| nagereg | | gesond | |

2. Lees die volgende gedeelte en vul die woorde wat uitgelaat is in.

Ná skool is Ma besig om vir Wynand 1 …………………… te maak.
Noudat Wynand sy Ma se 2 ………………….. ken, dra sy heeldag haar
3 …………….............. Ma beweeg blitsvinnig tussen die yskas en die
4 ………………… Baie vinnig sit Ma 'n stapel 5 ………………………….. ,
voor Wynand neer.



3. Hoe voel Wynand se ma oor sy plan?

………………………………………………………………………………………

4. Ma beweeg tussen die koskas, die yskas en die werkblad terwyl sy vir Wynand 'n komkommertoebroodjie maak.

4.1 Wat dink jy het Ma uit die koskas uitgehaal?


………………………………………………………………………………………

4.2 Wat dink jy het Ma uit die yskas uitgehaal? Noem twee items.

………………………………………………………………………………………

5. Onderstreep elke keer die woord wat die sin korrek voltooi deur na die illustrasie op bladsy 4 te kyk.

5.1 Daar is (twee/drie) toebroodjies op die tafel.



5.2 Wynand drink water uit 'n (beker/glas).

5.3 Ma is besig om toebroodjies in die (eetkamer/kombuis) te maak.

5.4 Wynand-hulle se troeteldier is 'n (muis/hond).


5.5 Die yskas is aan die (linkerkant/regterkant) van die prentjie.

6. Skryf slegs of die volgende stellings waar of onwaar is.

6.1 Wynand is opgewonde om 'n komkommertoebroodjie te eet.

6.2 Wynand moet nie al sy kos eet nie, want daar is ook nagereg.

6.3 Wynand gee vir Kolonel van sy toebroodjie.



6.4 Kolonel is die kat.

7. Waarvoor wil Wynand hê moet hy en sy ma hulle spesiale skoene gebruik?

……………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………

8. Waarvoor sê Ma moet hulle hulle spesiale skoene gebruik?

……………………………………………………………………………

9. Kyk na die illustrasie op bladsy 6 en onderstreep elke keer die korrekte woord.

Ma se 9.1 (***regtervoet/linkervoet***) is in die 9.2 (***lig/lug***) en haar 9.3 (***regtervoet/linkervoet***) is op die vloer. Bokant Ma se 9.4 (***regterhand/linkerhand***) is daar broccoli wat in die lug dryf. Wynand het brood in sy 9.5 (***regterhand/linkerhand***) wat hy vir Kolonel voer. Wynand sit op 'n 9.6 (***bank/stoel***) terwyl Ma by die werkblad 9.7 (***staan/sit***). Wynand lyk baie 9.8 (***gelukkig/ bekommerd***), maar Ma lyk baie 9.9 (***opgewonde/hartseer***).

10. Waarmee is Ma besig vir die koekverkoping?

……………………………………………………………………………………………

11. Wat het Wynand gehoop was die resep wat Ma uitgetoets het?

……………………………………………………………………………………………

12. Watter kleur was die muffins wat Ma gemaak het?

……………………………………………………………………………………………


13. Hoekom glo Ma die muffins is gesond?

……………………………………………………………………………………………

## 4 Oeps!

8. Rangskik die volgende sinne in die korrekte volgorde. Skryf jou antwoorde in die gegewe blokkies.

A Wynand wil die een geel donut eet.



B Kolonel eet die donut met een hap.

C Wynand teken vir die donuts wat afgelewer word.

D Wynand druk die kasdeur met sy voet toe.

E Wynand se kamerdeur gaan oop en Ma kom in.

F Die kas met die donuts begin kraak.



G Wynand bêre die donuts in sy kas.

H Die geel donut val.

I Wynand hardloop met die bokse na sy kamer.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| C | | | | | | | | |

9. Waarom het Ma na Wynand se kamer toe gekom?

……………………………………………………………………………………………

10. Waarom dink jy het Wynand nie vir Ma gejok nie?

……………………………………………………………………………………………

11. Onderstreep elke keer die woord/woorde wat die sin korrek voltooi.

11.1 Wynand sê 'n (onderwyser/anonieme persoon) het die donuts gestuur om Ma en Wynand vir hulle (heldhaftige/lafhartige) werk te bedank.

11.2 Wynand sê Ma moet nie die die donut eet nie, want daar is te veel (melk/suiker) in.

12. Waarom wil Wynand nie hê Ma moet die donut eet nie?

……………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………

13. Wat het skielik met Wynand se kas gebeur?

……………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………

14. Kyk na die illustrasie op bladsy 17.

14.1 Met watter twee vingers vat Wynand die donut by Ma?

……………………………………………………………………………………

14.2 Met watter vinger aan sy linkerhand wys Wynand na sy Ma?

……………………………………………………………………………………

**Skryf 'n tradisionele gereg in Kolom B langs die land in Kolom A.**

| ***NAVORSING OOR TRADISIONELE GEREGTE*** | |
|---|---|
| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
| Suid-Afrika | |
| Italië | |
| Spanje | |
| Nederland | |
| Griekeland | |